Meer as oorwinnaars

Leon Malherbe van Rusoord is in die hospitaal opgeneem. Bid asb. vir sy vinnige herstel.

Marie Rheeder se oog operasie het goed afgeloop. Ons is saam met haar bly en hoop, glo en vertrou sy sal nou beter sig hê.

Dawina Zaayman het gesterf die viering van haar lewe sal Dinsdag 22 Mei om 12:00 vanuit ons kerk plaasvind.

Matso Strydom is in Rusoord se famieliekamer sy is nog swak en het voorbidding nodig.

Kimre Meintjes herstel tuis na 'n Knie operasie, ons bid dat sy weer vinnig op die been sal wees.

Ons dra vir Frances de Villiers aan die Here op. Dit gaan nie te goed met haar nie.

Katie Steyn is in Kalafong Hospitaal opgeneem met longontsteking en het u gebed nodig.

Johan du Toit se Vader het ook u voorbidding nodig. Dink ook aan Johan en Marie in julle gebede.

ORREL UITVOERING DEUR EON Malan

Prediker: *Ds. Gideon du Toit*

Skriflesing: *Johannes 14:6*

Tema: *Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe*

Liedere: Soos op die Witbord program

Rusoord: *10:30 & 16:45* ***Jeug:*** *18:00*

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

God se Insig

Spreuke 3 : 5 Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

Herfs is my gunsteling tyd van die jaar in die Kaap. Ek is gaande oor die windstil dae met temperature wat net reg is; nie te koud nie en nie te warm nie. En tog, as ek nie die versengende hitte van 'n Somersdag ervaar het, of 'n stormsterk Suid-ooster moes trotseer nie – as ek nie die snerpende koue van 'n nat Wintersdag ervaar het nie, sou ek nooit hierdie perfekte dae soveel waardeer het nie.
Net so moet ons verstaan dat ons nooit gelukkige tye sou waardeer as ons nie ongelukkigheid beleef het nie. Ons elkeen het 'n perfekte balans tussen hartseer en vreugde; tussen swaarkry en geluk – net soos God dit vir ons uitgemeet het. As jy dink jou swaarkry is onhanteerbaar, gesels gerus met ander rondom jou en jy sal vinnig besef dat jy eerder jou pakkie wil hou as om ander sin op te neem, want ons kry ook 'n goeie dosis krag om ons swaarkry te hanteer. Daardie krag pas egter net by jou pakkie. Sou jy iemand anders se pakkie opneem sal daardie krag niks uitrig nie.
En net soos Lente Winter opvolg, sal vreugde ook in ons lewens kort voor lank bot en gedy. As ons jaar in en jaar uit somersvrugte sou kry, sou ons lankal daarvoor moeg wees, maar nou kry ons verskillende vrugte in verskillende seisoene en so is daar ook verskeidenheid in ons lewens.
Ons is tot soveel meer in staat as wat ons God krediet voor wil gee. Mag jy God ervaar tydens die hewigste Winter in jou lewe; net soveel as wat jy Hom ervaar tydens die hoogsomersdae.

Gerhard Fourie

Die Kankondiger

20 Mei 2018

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

BRUINGELD

Tans is die daar **vanaf Mei 2017** al **R 3044.00** ingesamel vir Sending

Deurkollekte

Die week gaan dit vir
'n Spesiale Geleentheid

Rusoord Winter Mark
16 Junie 2018

Heerlike pannekoeke, kerrie & rys, pitta broodjies, warm sop, melkkos,
heerlike beskuit en koekies vir die vakansie,
Witolifanttafel, naaldwerk, klere & vele meer!
Gevriesde geregte en soppe sal ook beskikbaar wees!
Rusoord Centurion, Potgieterlaan 85, Lyttelton
Navrae: Ontvangs Tel : 012 664-5835

Skenkings word ook benodig vir die Wit olifant tafel en spesifiek:

- Mansklere en skoene en Kombuis Breekware

Enige skenkings vir die voorbereiding van die produkte sal ook waardeer word:
Rys, sop groente, aartappels, sop vleis, botterskorsies, droë ertjies, kondensmelk, mashmallows, tennisbeskuitjies, Cremora, macaroni en uie.

Gemeente-ete Sondag 27 Mei 2018

Op Sondag 27 Mei on 12uur eet die gemeente weer saam. 'n Heerlike skaappot en groentepot is op die spyskaart. Kaartjies teen R40 per persoon is vandag beskikbaar by Sue in die saal of kontak haar voor Woensdag 23 Mei . Bring eie drinkgoed en eetgerei. Kom eet en kuier saam, almal welkom.

Baie geluk aan almal wat 20 Mei tot 26 Mei verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Phillip	Crafford	05/20		073 434 9183
Hennie	Langenhoven	05/20	012 664 1935	083 310 1676
Danell	Viljoen	05/20		
Catherine	De Leca	05/21		082 793 2428
Fransien	Kruger	05/21	012 664 2770	071 689 1404
Joey	Van Wyk	05/21	012 664 4282	082 476 5056
Gideon	Odendaal	05/22	012 644 0911	
Christiaan	Stoop	05/22		
René	Swart	05/24		083 251 9830
Marita	De Waal	05/25	012 664 3658	
Riaan	Kruger	05/26		082 092 9948
Martie	Otto	05/26	012 664 6969	

Pinksterfees en Orreluitvoering 20 Mei 2018

Vandag is ons bevoorreg om die bekende Eon Malan in ons midde te he wat vir ons 'n orreluitvoering gaan gee. Daar gaan 'n spesiale deurkollekte wees om onkostes te dek. Na afloop van die geleentheid word almal genooi vir 'n gratis koppie tee of koffie en 'n koeksister. Wegneem-etes gaan verkoop word (kerrie en rys, nagereg en koeke).

As bewys van ons dankbaarheid bring ons nie-bederfbare kruideniersware saam kerk toe. Dit sal aan CMR geskenk word vir hul uitreik, namens ons, aan behoeftiges. Plaas dit in die houer in die ingangsportaal.